# Eldoraigne Familiekerk

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met 'n missie

## POST-COVID OPERASIONELE BEPLANNING VIR 2022/23

## 1. INLEIDING

Die Covid19 pandemie en gepaardgaande inperkingsmaatreëls het sedert Maart 2020 'n wesentlike impak op die '*normale*' funksionering van Eldofam se aktiwiteite veroorsaak.

Gedurende die afgelope 2+ jaar het die Gemeenteraad (GR) daarop gefokus om al die aktiwiteite van die gemeente so effektief as moontlik binne die Covid maatreëls en wetgewing te bestuur. Die ingrypende veranderinge wat die pandemie op bykans elke terrein van ons samelewing teweeggebring het, gaan vir baie jare nog ervaar word. In vele opsigte is die '*ou normaal*' alreeds deur '*vernuwing*' en '*ander manier van doen*' vervang – 'n realiteit waarby Eldofam ook noodgedwonge moet aanpas.

Virtuele vergaderings het gereeld tydens hierdie moeilike tydperk plaasgevind en nadat die inperkingsmaatreëls verslap is het die GR in Junie 2022 'n beplanningsvergadering geskeduleer wat deur Ds Christoph Müller (NGK Groenkloof) gefasiliteer is. Die doelwit was om die impak van die afgelope 2 jaar se gebeure op Eldofam se strategie en operasionele planne te evalueer en om weer momentum vir die post-covid era op te bou.

Dit is belangrik om te meld dat hierdie dokument nie Eldofam se bestaande Strategie- of Operasionele Plan vervang nie. Dit dien as kommunikasiestuk om Gemeentelede op hoogte te hou en 'n oorsig te gee van die werk wat deurlopend deur die GR gedoen word - in gehoorsaamheid aan God se opdrag en in nastrewing van Eldofam se missionale strategie.

Tydens die Junie-beplanningsvergadering is die volgende punte deur die GR bespreek en bevestig:

## 2. VISIE en MISSIE


Eldofam se huidige VISIE en MISSIE bly onveranderd:

***VISIE***
***Waar mense God beleef en as volgelinge van Jesus gemeenskappe vernuwe.***

***MISSIE***
***Ons bou mekaar op deur betrokke te wees in persoonlike omgee-verhoudings en reik uit na alle mense met wie ons paaie kruis.***

## 3. BEDIENINGSMODEL

Die bestaande BEDIENINGSMODEL bly (tans nog) onveranderd. Ondersoek na moontlike wysigings om effektiwiteit te verbeter is in proses, en Gemeentelede sal binnekort genooi word om insette te lewer.



## 4. 2022/23 OPERASIONELE PLAN

'n Omvattende Operasionele Plan vir 2020 is aan die einde van 2019 deur die GR goedgekeur. (*'n Afskrif van hierdie dokument is op die webblad beskikbaar*). Die Covid19 pandemie het egter die momentum en implementering van die plan bemoeilik en tot 'n groot mate gestuit.

Weens die deeglikheid van die werk wat gedoen was, beskou die GR die dokument egter steeds as inherent geldig, aangesien 'n soliede basis gelê is waarop vernuwing en aanpassing gebou kan word ten einde die uitdagings van die post-covid era in 2022/23 te bestuur. Dit word nie as nodig geag om '*die wiel in geheel weer te herontwerp*' nie.

Die GR se huidige agenda en aktiwiteite bestaan dus hoofsaaklik uit 'n voortsetting van die 2020 Operasionele Plan, met sterk klem op hersiening en opdatering van die inhoud, asook vernuwing en aanpassing by die realiteite van die post-covid era.

## 5. PRIMÊRE PRIORITEITE - 2022/23

Bykomend en in aanvulling tot die bogenoemde, skenk die GR tans prioriteitaandag aan die volgende fokuspunte - (*In geen spesifieke volgorde nie*).

**NB:** Die Gemeente sal <u>deurlopend inligting en terugvoering oor vordering ontvang</u>, en ook <u>uitgenooi word tot deelname, insette en kommentaar</u>.

### 5.1. Verbetering van Kommunikasie en Bemarking

- Effektiewe kommunikasiekanale om 2-rigting kommunikasie te bevorder
- Weeklikse Eldofam Nuusbrief
- WhatsApp kommunikasiekanaal
- Eldofam Webblad
- Eldofam Toepassing (App)
- Ander sosiale media

### 5.2. Gemeentelidbetrokkenheid

- Erediensbywoning – Oggenddiens / Diens@6
- Diensbaarheid en deelname van Gemeentelede
- Behoeftes en verwagtinge van Gemeentelede
- Sosialisering en interaksie

### 5.3. Finansiële Bestuur

- Streng begrotingsbestuur
- Tendense, impak en nagevolge van die Covid tydperk
- Fondsinsamelingsprojekte

### 5.4. Aftrede van Ds Joubert in November 2022

- Impak en implikasies vir gemeentefunksionering
- Bedieningshulp om Dr Ackermann by te staan vir die balans van die huidige begrotingsjaar
- <u>*Familiekerk en Gesinsbediening*</u> bly die <u>oorhoofse strategie</u> en fokus
- <u>*Senior Gemeentelidbediening*</u> bly 'n <u>primêre</u> fokus
- <u>*Jeug en Jong Volwassenebediening*</u> bly 'n <u>primêre</u> fokus
- Herbeplanning vir die 2023/24 finansiële jaar

### 5.5. Inter-gemeentelike Samewerking

- Demografiese inligting en uitbouing van samewerking tussen buurgemeentes in die Ring van Sesmylspruit
- Gesamentlike uitreikaksies in die Centurion gemeenskap
- Gesamentlike fokus op Jeugbediening

## 6. AFSLUITING

Eldoraigne Familiekerk bly gefokus op die Visie en Missie wat oor die afgelope aantal jare ontwikkel en verfyn is. Die uitdagings en geleenthede van die post-Covid era vereis weldeurdagte en verantwoordbare aanpassings en harde werk. Die GR is gemotiveerd en toegewyd om hierdie taak onder leiding van en in totale afhanklikheid en gehoorsaamheid aan ons Hemelse Vader aan te pak.

Elke Gemeentelid word uitgenooi om hande te vat en saam met die GR lede te werk ten einde Eldofam te missionale doelwitte na te streef.

***SOLI DEO GLORIA***